**JUNIOR JEUG ALPHA**

# Sessie 12: Genees God vandag nog?

**Doel van les:**

- Ons gesels vanaand met die kleintjies oor Jesus wat enige siekte kan genees en dat ons kan bid vir Jesus om ons of iemand anders gesond te maak.

**Ysbreker 1 – Follow the leader**: Gee vir elke kind 'n blinddoek. Help hulle om dit op te sit. Die leier sal nie 'n blinddoek opsit nie. Neem hulle op 'n "walk" deur die vertrek. Hou hulle ten alle tye dop en maak seker dat daar niks in die pad is wat hulle dalk sal laat val nie.

**Ysbreker 2 – Raai speletjie**: Laat die kinders die blinddoeke ophou. Gee vir elke groep 'n sakkie met items in. Laat die kinders hulle hande in die sakkie insteek en probeer raai waaraan hulle vat.

**Ysbreker 3: Help my om gesond te raak:** Gee vir elke groep 'n uitdeelstuk en laat hulle die prentjies omkring wat hulle glo iemand sal help om gesond te raak van 'n siekte.

**Vra:** Hoe het julle gevoel oor die eerste twee speletjies? Hoekom het julle so daaroor gevoel? (Kon nie sien waar hulle gaan nie, was bang hulle loop in iets vas, was dalk bang daar was iets grillerig in die sakkie)

**Sê:** Julle kon vir 'n klein rukkie nie sien nie, maar ek wil julle vandag van 'n man in die Bybel vertel wat blind was. Ek wil julle ook vertel op watter spesiale manier hy gesond gemaak is sodat hy kon sien. (Jy kan hierdie verhaal vertel met behulp van prentjies of vrywilligers kry om aan te trek soos Jesus en Bartimeus en dan rollespel doen.)

**Markus 10:46-52: 'n Blinde man glo**

Bartimeus is 'n blinde man. Hy kan nie die bome óf die huise óf die mense sien nie. Hy kan ook nie sien om te werk nie.
Hy kan maar net elke dag by die pad gaan sit. Die mense kry hom jammer en gee vir hom geld om kos mee te koop. Maar al kan Bartimeus nie sien nie, kan hy goed hoor. Op 'n dag hoor hy voetstappe. Dit klink soos 'n klomp mense wat verbystap.

"Waarheen gaan almal?" vra Bartimeus.

"Weet jy dan nie? Jesus kom. Ons gaan om Hom te sien," sê 'n vrou. Bartimeus dink: As ek ook net by Jesus kan kom. Ek glo Hy kan my oë gesond maak. Ek wonder of Hy hierlangs gaan kom? Miskien sal Hy hoor as ek Hom roep.

Toe begin hy roep. "Jesus, help my asseblief!" Die mense maak hom stil. "Hou op raas!" Maar Bartimeus roep nog harder: "Jesus, Jesus, help my!"

Jesus hoor Bartimeus roep. Hy gaan staan stil en sê: "Bring die blinde man na My toe." Bartimeus staan vinnig op. Voel-voel loop hy tot by Jesus.

"Hoekom het jy My geroep?" vra Jesus.

"Ag, Here," sê Bartimeus, "ek wil so graag sien."

Jesus antwoord: "Jy glo in My. Jy glo Ek kan jou gesond maak. Ek wil dit graag doen. Van nou af sal hy kan sien."

Bartimeus knip sy oë. Hy kyk en...sowaar! Hy kan sien! Hy sien alles om hom. Hy sien mense en hy sien bome. Hy sien die pad. En hy sien Jesus.

Hy is so bly. Hy val op sy knieë neer. Hy sê vir Jesus dankie. En toe Jesus verder loop, gaan Bartimeus saam met Hom.

Verhaal geneem uit: Ons eie Kleuterbybel, bl124-125, Juliana Nothnagel en Johann Strauss

**Vrae:**
- Dink julle dit was maklik vir Bartimeus, die blinde man, om blind te wees? Hoekom/Hoekom nie?
- Hoekom dink julle het Jesus hom gesond gemaak?
- Dink julle Jesus maak vandag nog mense gesond?

**Speletjie: Yesterday, today and tomorrow:** Laat elke groepie in 'n sirkel staan. Elke kind moet nou 1 ding noem wat hulle gister gedoen het, 1 ding wat hulle vandag gedoen het en 1 ding wat hulle môre gaan doen.

Ons kan baie planne maak vir môre, maar ons kan nie seker wees of ons als môre gedoen sal kan kry nie. Dinge verander. Maar weet julle wat? Jesus verander nooit nie. Daar is 'n versie wat sê Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid – Hebreërs 13:8. Ja, Hy het baie, baie, baie lank terug vir daardie blinde man en baie ander mense gesond gemaak. Hy maak ook vandag nog mense gesond.

**Getuienis van genesing.**

Nou weet julle van iemand in ons eie gemeente wat gesond geword het?

Jesus is terug hemel toe en Hy het vir ons as Sy kinders gesê om ander van Hom te vertel soos ons verlede week geleer het, en ook om vir siek mense te bid.

Soms wanneer ons bid kan iemand dadelik gesond raak. Soms raak hulle stukkie vir stukkie beter en soms moet hulle eers al hulle medisyne gebruik om beter te word. Maar hoe verstaan ons as ons bid en iemand word nie gesond nie?

**Aktiwiteit: Rooi liggie/groen liggie** – Laat die kinders aan die oorkant van die vertrek staan. Ons gaan nou maak asof ons by 'n verkeersrobot staan. Hou groen lap en rooi lap of groen en rooi stuk papier in jou hande. As jy groen lap/blaai ophou, is dit soos 'n groen lig waar kinders kan nader stap aan jou. As jy rooi item ophou, moet die kinders stop. Die wat bly beweeg, is uitgevang.

Laat die kinders gaan sit sodra die speletjie klaar is en al die kinders by jou uitgekom het.

Onthou julle nog hierdie speletjie wat ons aan die begin van die jaar gespeel het oor gebed?

- Gebed is soos 'n robot – somtyds is die lig groen en God gee jou wat jy voor vra ander kere is die lig rooi – God sê 'nee' want hy ken die toekoms en weet wat die beste vir jou is , en somtyds is die lig geel – God sê nie 'nee' nie hy sê 'net nie nou nie', leer om bietjie te wag vir die regte tyd.

Soms maak God iemand gesond soos met die groen lig, soms is dit 'n rooi lig en word daardie persoon nie gesond nie. Ons kan nie verstaan hoekom nie, maar ons moet weet dat God die beste weet. En wanneer ons bid en iemand word nie dadelik gesond nie beteken dit nie ons moet nou ophou bid nie. Nee, ons moet aanhou om vir daardie persoon te bid.

Ons kan weet dat Jesus vandag nog mense gesond maak. Jesus wil nie hê dat ons siek moet wees nie en Hy wil ons graag help. As jy siek is of iemand ken wat siek is, gaan julle nou kans kry om vir daardie persoon te bid in julle groepies.

**Gebedsgeleentheid:** Vra in die kleingroepies vir kinders of daar iemand is vir wie hulle graag vanaand wil bid vir genesing. Gee dan kans vir gebed in die groepie vir siekes. Moedig die kinders aan om self te bid vir daardie siek persoon.

Indien daar tyd is, kan die kinders die prentjie inkleur van Jesus wat die blinde man genees.

Sluit af met gebed.














